NAMAKWA
DISTRIKSMUNISIPALITEIT

VOORSIENING VIR SLEGTE SKULDE BELEID

17. VOORSIENING VIR SLEGTE SKULDE BELEID

VOORWOORD

Die Raad wil alle debiteure en die afskryf van oninbare skulde bestuur en reguleer.

DEFINISIES

Alle terminologie van hierdie beleid, sal dieselfde betekenis hê as wat in die toepaslike Wetgewing beskryf word.

WETLIKE RAAMWERK

Die volgende wetgewing is van toepassing op hierdie beleid:

- GRAP standaarde soos deurgegee deur die Rekeningkundige Dienste Raad
- Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003
- Wet op Munisipale Stelsels Wysigingswet, Wet van 7 van 2011

OMVANG EN TOEPASSING

Hierdie beleid is van toepassing op Rekenkundige beampte en die Hoof Finansiele Beampte.

DOELWIT VAN DIE BELEID

Die doelwitte van hierdie beleid is:

- Om te verseker dat die debiteure openbaar word in die jaarlikse finansiële state teen bedrae wat geag word om invorderbaar te wees; en
- Om te verseker dat oninbare skuld afgeskryf word binne die riglyne van die toepaslike beleid en wetgewing.

IMPLEMENTERING EN MONITERING

Hierdie beleid sal geïmplementeer word en effektief wees van wanneer dit deur die Raad goedgekeur is na konsultasie met die Plaaslike Werksplek Forum en ander relevante strukture. Die implementering sal reguleer word deur die Standaard Operasionele Prosedures (SOP).

KOMMUNIKASIE

Die beleid sal met alle Werknemers van die Munisipaliteit gekommunikeer word deur gebruik te maak van alle kommunikasie metodes (spesifiek induksie) wat beskikbaar is vir die Munisipaliteit.

BELEID HERSIENING

Die beleid sal jaarlikse hersien word en aangepas word indien nodig.

BEGROTING EN HULPBRONNE

- Geen direkte finansiële implikasies nie.

ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Munisipale Bestuurder, Departementshoofde en ander gedelegeerdes sal verantwoordelik wees vir die implementering en monitering van die beleid. Meer spesifiek die Hoof Finansiële Beampte.

SANKSIES

Nie nakoming van die stipulasies soos vervat in die beleid sal beskou word as 'n oortreding/misdryf en daarmee sal gehandel word soos vervat in die Dissiplinêre Kode.

DISPUUT OPLOSSING

Enige dispuut wat voortspruit uit hierdie beleid as gevolg van bewoording of frases, moet na die Plaaslike Werkplek forum en enige ander relevante strukture verwys word. Aanbevelings van die Plaaslike Werkplek forum en ander relevante strukture in die verband moet na die Raad verwys word vir oorweging en goedkeuring.

AANVAARDING VAN BELEID

Geformuleer deur: ..... **Datum:** 9/7/2015

Konsulteer LLF: .....

Datum: 24.07.2015

Munisipale Bestuurder: .....

Datum: 09/07/2015

Raad goedkeuring: .....

Datum: 09/07/2015